

Die Sierduif

Desember 2023

The Fancy Pigeon



Lukas 1:34-35 "Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word." Laat ek jou daaraan herinner dat God die God van die onmoontlike is. Niks is te moeilik vir Hom nie. Wanneer die Heilige Gees oor jou kom en jou oorskadu, kan enigiets gebeur. Ek moedig jou aan om met hierdie hoop te leef dat 'met God' niks onmoontlik is nie.

Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr. Warren Klopper

Mr. Clive Druce

Mr. Stewart Patterson

Mnr. Wynand Wessels

Ds. Renier Lee

Mnr. Pierre le Roux

Ds. Hennie Hattingh



Uitvoerende Komitee / Executive Committee

Nasionale / National President

Chris de Bruin, Posbus 906268, Magalieskruin. 0150 Tel: 012 819 1594, Sel: 082 426 8703

E-pos: tiaandebuin0@gmail.com

Nasionale Vice-President / National Vice-President:

Dirk Scholtz, Posbus 21110, Nelspruit, 1200, Sel: 082 452 4229, E-Pos: dirk@harmonie.co.za

Nasionale Sekretaris / National Secretary:

Gerhard van Aswegen, Posbus 2792, Krugersdorp, 1740, Sel: 082 921 1747, E-Pos: gjtlofts1@gmail.com

National Treasurer / Nasionale Tesourier:

Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie_wessels@hotmail.com

National Ring Master / Nasionale Ringmeester:

Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,

E-pos: safpa.rings@telkomsa.net

Nasionale Redakteur / National Editor:

Cora Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com

Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:

Christo Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2449 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com

Streekverteenwoordigers / Region Representatives

Noord-van-die-Vaal: *Shaun Smeda, 6 Shirley Road, Valhalla, Centurion, 0185 Sel: 072 190 0345,*

E-pos: Shaunsmeda@intercape.co.za

Vrystaat: *Chris vd Walt, 1 Stanton Street, Fichardpark, Bloemfontein. 9301 Sel: 082 378 6447,*

E-pos: plakkers@wol.co.za

Wes Kaap: *Pieter Neethling, 21 St Thomas Street. 7322 Sel: 081 397 9960 E-pos: thehaircorporation12@gmail.com*

Noord-Vrystaat: *Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,*

E-pos: pietodendaal01@gmail.com

Oostelik Streek: *At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,*

E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com

Noord Kaap: *Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,*

E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com

Oostelike Provinsie: *Danie Strydom, 1 De La Fontein Street, Young Park, Gqeberha, 6001 Sel: 072 353 9778,*

E-Pos: strydomjdw@gmail.com

Suid Westelike Distrikte: *George Bell, Posbus 3, Zoar, 6656 Sel: 083 483 9969 E-pos bellgeorge@hotmail.com*

Wes-Transvaal: *Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,*

E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com

KwaZulu-Natal: *Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,*

E-Pos: duanes@maverickcleaning.co.za

Indeks / Index

Algemene inligting van die SASV	2
Editors Page / Redakteur se blad	3
Voorwoord - Piet Odendaal	3
Kersfees en Nuwejaars boodskappe van lede	5
Wes Transvaal AJV 2023 - Helene Roodt	7
Die Vissers van Kenhardt sê finaal koebaai	
Seppie Esterhuysen	9
Wes Transvaal die jaar 2023	
Awie Esterhuizen	10
Noord Kaap hou AJV - Seppie Esterhuysen	11
Scoreboard and Rules	16

Birthdays /Verjaarsdae

A057*- Cyril Jasper	01-Jan
H019 - Tom Ryke	01-Jan
K012 - Ryan vd Schyff	02-Jan
H043 - André Grobbelaar	06-Jan
H017 - Danté Pelser	09-Jan
B038 - Cullem Lee	15-Jan
W075 - Nardus Marais	19-Jan
J034 - Evan Bell	20-Jan
W001 - Routjie Roux	24-Jan
D045 - Awie Esterhuizen	26-Jan
G053 - Hannes Jooste	27-Jan
N057 - JM & KJ Lofts	29-Jan
V060 - Karlien van Tonder	31-Jan



Voorwoord

Piet Odendaal

President

Noord Vrystaat

DUIWE BETEKEN NET VREUGDE EN VREDE

My liefde vir duiwe het 52 jaar gelede op Trompsburg in die Suid-Vrystaat begin op 'n stoeljie voor my oudste broer, Dirk, se duiwehok. Hy het wedvlugduiwe gehad en ek moes maar as klein tweejarige mannetjie net kyk. Tussen sy duiwe was daar wit en bont duiwe. Die wittes was vir my die mooiste en daar het my liefde vir wit wedvlugduiwe ontstaan.

So het ek en my ouer broer, Drikus, met die boerd-

ery aangegaan. Later het ons saam met die posmeester van Trompsburg, Oom Johan Schenck, aan wedvlugte deelgeneem en moes ons dan met my pa se fiets na die onderkant van die dorp jaag om die rubberringetjies te klok by die posmeester se hok. Dit was 'n wonderlike tyd in my lewe.



In die tyd wat ek studeer het en in die weermag

Suid-Afrikaanse Homer Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483

Augustus 2023



was het my broers die duiwe by hulle versorg en het ek weer later van my duiwe teruggekry.

As jong kannetjies het ons ook geëksperimenteer met Modenas, Jakobyne en Kroppers. Ons het dit by 'n duiweboer onder in die straat gekry en het gekyk of hulle kan vlieg. Tot ons verbasing kon die Kroppers goed vlieg en die Jakobyne redelik vlieg en hulle kon sien waar hulle vlieg. Ek onthou goed hoe my pa altyd gekla het oor die duiwe wat net vreet en hom geld kos, maar tog altyd gesorg het dat daar mielies in die drom is. So kan ek aangaan oor 'n wonderlike kinderlewe, sorgvry en lekker.

Nadat ek begin werk het in Odendaalsrus het my liefde vir wit duiwe daartoe gelei dat ek met omtrent net wit duiwe gevlieg het by Odendaalsrus se duiweklub. Ek moes maar die hou vat met my valkkos! Die valkkos het nie te sleg gevaar nie!

Wynand en Martie Wessels het baie jare gelede die sierduifvlammetjie by my laat begin smeul. Wynand het vir my 'n mooi paar blouskimmel (grizzle) Dragoons gegee, maar dit was so besige tyd van my lewe dat ek nie regtig aan die gang kon kom met die sierduiwe nie. In 2018 het ek uiteindelik by die SASV aangesluit en toe het die stokperdjie vlamgevat. Ek is baie dank verskuldig aan Bertie Wessels en Danie Swart by wie ek goeie duiwe gekry het waarmee ek kon begin.

Ek is nogsteeds besig met die wit vliegduiwe waarvoor ek voor die hok gesit en kyk het 52 jaar gelede en die wat my ken sal weet dat ek hulle gereeld

skou. Een van die dae sal ek skou met my wit Dragoons. Ek wil 'n hok vol van hulle teel en hulle moet my dak vol sit.

Ek is so gelukkig om deel van die Noord-Vrystaatstreek se bestuur te kan wees en geniet elke oomblik om 'n positiewe bydra te kan lewer om my geliefde stokperdjie in ons streek en ons land te bevorder. My wens is dat ons dit aan die gang kan hou en dit kan laat groei onder die jonger geslag. Ek poog gereeld in my werk as onderwyser om die kinders te prikkel. Heelwat het al duiwe en ek vertrou dat hulle eendag lede sal word van die SASV.

My duiwe-boerdery is medisyne wat my elke dag help om my kop skoon te maak as ek by die huis kom. So ook is my duiwe-vriende hier naby my, Hendri Botha en Dana Greyling, ook baie werd vir my. Ons kan lekker 'duiwe' gesels en lag en so vergeet van die sorge van die lewe! My vrou, Santjie, ondersteun my en geniet die duiwe-ding al hoe meer al kla sy soms oor die vere op die stoep!

Ek wil vir elkeen wat my pad gekruis het op skoue of vergaderings gedurende die afgelope jaar bedank vir julle lekker kuier, gesels en lag, dit het 'n veskil in my lewe die jaar gemaak.

Ek wens almal 'n wonderlike feestyd en 'n voorspoedige 2024 toe.

Kyk mooi na julle duiwe en gee hulle baie liefde en hulle sal baie vir julle beteken!

Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483

Augustus 2023



Troeteldiere gee onvoorwaardelike liefde

Kersfees en Nuwejaars Boodskappe van ons lede

Namens die lede van die Noord-Vrystaat wens ek almal 'n geseënde Kerstyd en 'n voorspoedige 2024 toe.

Die wat gaan rondry moet veilig ry! Geniet elke oomblik saam met julle geliefdes!

Duiwe-groete

Piet Odendaal - President Noord-Vrystaatstreek

KERSFEES IS VOOR DIE DEUR.

Names OostelikeStreek en Lede wil ek al ons vriende, SASV Lede en ook hul families 'n Wonderlike Geseënde en Voorspoedige 2024 toewens.

Mag u die Vreugde en Vrede van 'n Ware Christusfees saam met u geliefdes beleef.

'n Geseënde Gesonde en voorspoedige Nuwe Jaar word u Toegebid.

At en Riana van Jaarsveld

**SEASON'S GREETINGS FROM
KWAZULU-NATAL**



Another year has come and gone. Yet being a tough year for all in some or other way, I think we will all agree that there has been a lot of highlights throughout the year as well. Great and successful shows were held, and new friends made.

With the festive season and the end of 2023 upon us, the KZN members would like to wish all SAFPA members, family and friends a peace-

ful festive season and blessed 2024. May 2024 be a great year for us and our sport we love so much.

Mag elkeen die vreugde en vrede van Kersfees ervaar. Mag Hy jou en jou familie vashou en dra. Mag die Nuwejaar vir elkeen mooi beloftes inhou, ons wens elkeen net vrede en gesondheid toe!!

Dankie vir elkeen wat ons skou die jaar onders-
teun het, ons glo ons sien jul weer in 2024.

Van Noordkaap se mense!!

Seppie Esterhuysen

President - Noord Kaapstreek

Die einde alweer hier

So het nog 'n jaar verby gevlieg waar almal aan verskeie duiweskoue deelgeneem het. Van Wes-Transvaal se kant af wil ons graag die hele duiwe-familie 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwejaar toewens. Mag elkeen van julle met 'n goeie broeiseisoen die jaar uitstap en die nuwe instap met 'n goeie span duifies wat amok gaan maak op die skoue.

Duiwe groetnis

Wes-Transvaal

Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2024

Vanaf die Esterhuizen gesin in Klerksdorp wens ons almal 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwejaar toe. Vir die wat op die paaie gaan wees versigtig ry en kom veilig terug. Kom ons vat hierdie nuwejaar en gaan groot en voluit in alles wat aangepak word.

Duiwe Groete

Awie, Daleen en Marleen Esterhuizen

Geseënde Kersfees en 'n geveerde Voorspoedige nuwe jaar..

Helene en Chris Roodt..

KERS- EN NUWEJAARS BOODSKAP

Daar is ons ook weereens in 'n oogwink aan die einde van 2023 en oor 'n paar dae begin Desember, Vakansietyd en Kerstyd. Die jaar het behoorlik in 'n oogwink onder ons uitgehardloop. Wat 'n jaar was dit net nie gewees nie? So baie dinge het gebeur en weereens soos die ou lewe verloop was daar baie opgewondendheid, maar ook hartseer. Die SASV het gedurende 2023 groot geeste verloor asook familie van ons lede. Ons dink aan hulle wat hul eerste Kersfees sonder hulle geliefdes moet vier. Kom ons hou ons hand in die Here se hand en stap die pad wat vir ons uitgelê is. Moet nie moed verloor nie. Wees dankbaar vir wat jy het en tot waar jy gevorder het in 2023 ongeag wat die jaar na jou kant toe gegooi het.

Wat 'n lekker SA Kampioenskapskou het ons nie die jaar gehad nie. Dankie aan Noord van die Vaal in samewerking met Wes-Transvaal vir die SA's wat julle vir ons aangebied het. Julle het geskiedenis gemaak deur 'n sentrale SA's in Bloemfontein suksesvol aan te bied. Daar was ook weereens lekker saam gekuier soos in die ou dae, insluitende die gebruiklike dames-toer.

Ek wil almal bedank wat hard gewerk het gedurende 2023 by skoue en veral die SA's ongeag hul omstandighede en werksaamhede, maar nogsteeds tyd gemaak het vir die SASV en hulle duiwe vriende.

Hoop almal rus lekker hierdie Desember en sterkte aan al die matrieks asook al die ander kinders wat eksamen geskryf het. Geniet die vakansie en kuier lekker saam met familie en vriende.

Laat ons al die onaangename dinge agter ons sit en met nuwe positiwiteit en met hoop die leisels vat en 2024 tegemoed gaan. Mag die

nuwe jaar vir almal net mooi en opwindende dinge inhou. Onthou jou familie, vriende en duiwe is kosbaar.

Hiermee wil Theresa en ek almal 'n Geseënde en rustige Kerstyd en voorspoedige 2024 toewens.

Chris en Theresa de Bruin

“Al was ek nie daar nie... ek weet dit is waar: Die krip en Maria met die Kindjie by haar. Dis of ek die Engel die boodskap hoor bring van Jesus se vrede, wat harte laat sing.”

Mag jou mooi hart in hierdie Feestyd iemand anders se hart aanraak en 'n afdruk van Jesus se liefde, vrede en vreugde daar los. Mag jou Christusfees een wees van vrede en die dag die mooiste herinneringe sal laat vir jou skatkis van die lewe, want 'n Koning en Verlosser is vir ons gebore, en Sy naam is Jesus.

Hoop dat 2024 vir almal van julle 'n voorspoedige en geseënde jaar sal wees.

Christo en Cora Munnik

'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe jaar aan elke SASV lid en gesin. Mag u 'n mooi feestyd geniet.

Attie van Aswegen en gesin.

Aan al die mede lede.

Mag die Fees seisoen vol vreugde wees waar families weer bymekaar gebring word. Mag die Nuwejaar van 2024 vir elkeen 'n wonderlike jaar wees om na uit te sien.

Met duiwe liefde

Harry Munnik en gesin

Aan al die duiwevriende en liefhebbers mag julle 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar geniet, ek mis julle 'n lewe sonder duiwe is baie eensaam. Mag die Here julle almal seën en beskerm.

Groete vir almal van Perth Australia

Chris en Dawn Lamont



AJV verslag 2023..

Gehou in Vrede- fort.

Helene Roodt

Eerstens wil ek net vir Liewe Jesus dankie sê dat ons ons vergadering op so lieflike skoon gewaste dag onder die bome kon hou..

Met druppels van die vorige aand se reen op die blare het dit die lede mooi op hul tone gehou.. die gesigte van die lede as so druppel onverwags op jou val was "priceless" van was dit 'n druppel of voeltjie..

Die vergadering het mooi geloop..goeie punte is

bespreek en nuwe gedagtes is voor gelê.. besluite rakende verbetering op sekere kwessies is ook bespreek en gaan aandag geniet..

Welkom aan die nuwe lede ons hoop dat jul baie gelukkig by die klub sal wees. Ons Westransvalers is nou nie die grootste klub nie, maar kyk vir werk en spangees is ons glad nie bang nie..

Ons klub se Admin.. wow wow wow dink nie ekt nodig om meer te se nie..

Dankie julle..

Dan wil ook net dankie sê vir my mede klub lede vir die vertrouwe wat hul in my gestel het om deel te wees van die bestuurspan.. my eetste keer maar gaan my beste gee..

Dankie vir almal wat teenwoordig was en julle wat nie dit kon maak nie het 'n lekker kuier en braai gemis maar toemaar volgende keer kuier julle saam..

Geveerde groete.

Helene

Uil & StrikduifKlub

Spesialiteitsklub vir:

*Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu
en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)*

President : Shaun Smeda - 072 190 0345

Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496

leendert270@gmail.com

August 2023



Plakkerskamp Boerdery

Stantonstraat 1, Fichardpark, Bloemfontein.

Selfoon: 082 378 6447

Epos: plakkers@wol.co.za

August 2023

Teler van: Brunner Pouters in Wit, Blou, Bruin & Swart

Teler van die Reserwe Kampioen duif tydens

2022 SA Kampioenskapskou

Teel ook: Norwich Kroppers in Rooi, Mealy & verwante kleure

Kontak:

Danie

0823293043

Pearl

0728423032

sluit aan
by ons...



FANTAIL CLUB
WAAIERSTERKLUB

August 2023

George Nell




Teel met Syrian Dewlaps
en gaan poog om met hulle te vlieg
en ook met Birmingham Rollers
e-mail: georgenell42@gmail.com
Sel: 083 536 6917



Oktober 2022

SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub



President: Bertie Wessels
e-mail: bertie_wessels@hotmail.com
Sel: 083 733 4191

Sekretaris: Ds Hennie Hattingh
e-mail: hennihattingh703@gmail.com
Sel: 082 923 3910

Prestigeskou

3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad



Augustus 2023



Die Vissers van Kenhardt sê finaal koebaai!!

Seppie Esterhuysen

Duiwe en die Vissers van Kenhardt, Danie en Elbé, is sinoniem!! Ek het hul leer ken met 'n rooi Toyota karretjie oppad vanaf Namibië na 'n duiweskou te Kimberley met die duiwe agter die agtersitplek in bokse!!! Daar was ook plek vir hul bagasie en die 2 kinders, Danelle en Esjay, toe nog nie in die skool nie. Dit was grondpad vanaf die plaas tot op Upington, so ongeveer 500 km. Dit was so 25 na 30 jaar gelede!! Passievol vir die stokperdjie. Daar in Namibië het Danie met hartelus geboer met sy silwer en swael Modena's, later was daar selfs Kings en Gros Mondains.

As jy so afgesonderd is van ander duiweboere dan dink jy later elke nuwe kuiken is 'n toekomstige kampioen totdat jy eendag by 'n skou uitkom en daar word jou drome verpletter!! Hoeveel van ons het dit nie al oorgekom nie!!!



Danie en Elbé was altyd 'n span, Elbé nie die duiweboer nie, maar die administrasie van die duiwesport het sy verstaan en kon dit doen. Later jare nadat die Knoetzes en Hendriena Swanepoel dit afgegee het, het Elbé ons streek se administrasie

oorgeneem. Die oorskakeling van handinskrywings na elektroniese inskrywings het sy meegemaak en dit het glad verloop. Lekker as lede saam met 'n stelsel groei, die oorgee na hul opvolgers glo ek sal ook gladweg verloop.

Elbé is darem nie vir ons streek verlore nie, sy het belowe om met 2024 se streekskou te kom handgeee. Dit maak almal rustiger, want jy weet sake gaan gladweg verloop. Met elke streekskou het die Vissers die inskrywings behartig, dit was altyd betyds klaar, netjies, korrek en betyds afgegee!! Onthou die administrasie het sy op die plaas gedoen, dan moet al die dokumente Upington toe vervoer word, so 170 km uitmekaar. Dankie Elbé, dit was altyd netjies, korrek en betyds.

Na Danie se dood het Elbé nie die duiwe laat gaan nie, net om eers asem te skep. Sy het die duiwe



verminder en die Modenas en German Beauty Homers gehou. Haar seun Esjay het by haar aansluit, hy met die Modenas en sy met die German Beauty Homers. Sy het later Jannie vd Heever se German Beauty Homers gekoop, selfs as beoordelaar gekwalifiseer!! Die lewe wag nie vir 'n mens nie, sy het besluit om dorp toe te trek, huis gekoop en werk tans as Skriba by die plaaslike kerk en Esjay het die boerdery oorgeneem.

Duiwehokke opsit in die dorp wou net nie realiseer en uitwerk nie en 'n mens kan nie duiwe boer wat 70 km vêr van jou op die plaas sit nie. Die uiteinde was dat sy haar German Beauty Homers en Esjay sy Modenas verkoop het. So het 'n era van duiweboerdery van die Vissers geëindig. Esjay en Marisca, sy vrou, het die pappegaaiboerdery weer laat herleef. Sy oupa, Oom Kotie en tannie Ria Visser, ook bekende sierduifboere, was groot ringnekboere!! Lyk my die wiel het 'n manier om te draai!! Elbé en haar Skilderbokke is steeds nog

onafskeidbaar!!

Elbé, dankie vir al die jare se betrokkenheid by ons streekskoue as skou-sekretarls en ook as streek-sekretarls, die manier wat jy jou taak gedoen het, die manier wat jy die vertoners behandel het, altyd gehelp het, oë toegeknypt as die sluitingsdatum aangebreek het, byhou vd data, skryf/tik van die sertifikate en die positiewe atmosfeer rondom die admin-tafel. Ons waardeer al jou insette, jy is altyd welkom om ons skoue te kom bywoon!!! Dankie!!!



Wes Transvaal Die jaar 2023

Awie Esterhuizen

Wes Transvaal het Saterdag, 18 November 2023 vergader aan huis van Helene & Chris Roodt te Vredefort vir ons Algemene Jaar Vergadering. Wes Transvaal het as streek 'n suksesvolle jaar beleef en kon ons twee (2) skoue aanbied. Ons streekskou met 658 duiwe van 55 rasse deur 34 ledevertoon. Dan ook ons Squiker/Jongduifskou met 296 duiwe van 42 rasse deur 23 lede vertoon. Ook kon ons deel uitmaak met die aanbied van die SA's in Bloemfontein. Aan die begin het ons groot betwyfeling gehad oor of so 'n skou moontlik sal

wees aangesien dit 'n logistieke nagmerrie was. wat skoumateriaal aanbetref.

Gelukkig het ons as Wes Transvaal 'n sterk admin span en ons twee dames was basies dag en nag op die fone besig met reëlings en het van die "go" af inspring en kon 'n hoë standaard gestel word.

Die verblyf was basies al tydens die Januarie UK vergadering vasgemaak teen 'n spot goedkoop prys waar almal wat dit gebruik het kon "score". Etes by die saal en vir die funksies was bekostigbaar en lekker en kon ons weer as 'n groep almal onder een dak elke aand kuier. Die nagmerrie van hokke en ander materiaal vir die skou opsit het ook in plek geval en die hoender manne het basies alles gedoen teen 'n baie billike prys. Die hele prentjie het aangedui dat hier kom 'n ding. Almal was verlig en het met gewillige hande die finale afrondingswerk gedoen.

Alles maar alles is te danke aan julle ons lede, die beoordelaars, ons borge, buite partye wat hand by-

Cora Munnik Nasionale Redakteur



*Teel met Portuguese Tumblers
e-mail: coramunnik@gmail.com
Sel: 076 313 2873*

Oktober 2023



gesit het, Bloemskou personeel en dan die grootste van almal ons Hemelse Vader wat Sy hand oor alles gehou het. Die woord dankie sal nooit genoeg kan wees nie. Nogmaals dankie.

Wes Transvaal het 'n rustige vergadering gehad en die volgende lede is as bestuur verkies:

Streekspresident – Awie Esterhuizen

Vise-President – Helene Roodt

Sekretaris & Tesourier – Daleen Esterhuizen

Beoordelaarsbeampte – Marleen Esterhuizen

Skoubestuurder – Hein Hoffman

Hulpskoubestuurder – Herman Wessels

Junior verteenwoordiger – Lilian Downey (Lily)

Addisionele lede: Jannis Esterhuizen, Tinus Labuschagne, Tiaan Botha, Christo Munnik, Cora Munnik, George Nell, Charles du Toit, Willie Ackerman


Al lede wat verskoning aangebied het en nie die

dag kon meemaak nie was Hein Hoffman, Tiaan Botha, Willie Ackerman, Tinus Labuschagne, Herman Wessels, George Nell & Jannis Esterhuizen.

Na afloop van die vergadering was daar soos gewoonlik 'n braai & slaai. Dankie Chris en die dames vir alles. Ook het ons die roete gestap deur Helene se eende en duiweboerdery. Dankie Helene en Chris vir jul gasvryheid. Laaste maar nie die minste aan ons nuwe lede – welkom by Wes Transvaal. Ons nuwe lede is Charles du Toit, Willie Ackerman, Tiaan Botha, Hennie van Niekerk Christo & Cora Munnik & George Nell. Glo julle gaan 'n gelukkige en lang tyd in Wes Transvaal wees.

Duiwegroete,

Awie Esterhuizen



Noordkaap hou AJV 2023

Seppie Esterhuysen

28 Oktober 2023 hou Noordkaap se manne en vroue jaarvergadering te Upington. Die ver-mense word verskoon, want om 800 km te ry, Kimberley en terug is net nie haalbaar nie, die teenwoordig doen hul bes en ons glo dat ons al ons lede verteenwoordig met die besluite wat ons neem.



Vir baie mag 'n AJV net na nog 'n vergadering klink, MAAR hier dink, beplan en maak ons planne vir ons streek se voorbestaan. Ja, dit gaan saam met lekker eet en gesels, in die meeste gevalle natuurlik DUIWE!!!!

Christo Munnik Nasionale Beoordelaarsbeampte



Teel met Roller duiwe vanaf 1963
en met Birmingham Rollers vanaf 1980
Teel nou ook weer met Barbs
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Oktober 2023





Vir die voortbestaan van ons streek is die volgende punte baie belangrik:

Finansies. Geen streek kan voortbestaan sonder

Danie Visser
Edenville - Kenhardt

Cel 0833900860 - Home: 0548910058
dhvisser@telkomsa.net

Breeder of

German Beauty Homers,
 Modenas,
 Brunners,
 Gorgueros,
 Chinese Owls

Working Homers (in all colours of the rainbow)

SAFPA Book of Standards - 2014 Edition 207

finansies nie. Inskrywingsgeld, donasies en adminfoeie is net te min om al die uitgawes te dek. Verder wil ons graag die vertoners, veral die van buite ons streek, iets ekstra aanbied, soos bekostigbare verblyf en gratis etes, ons wil hê hulle moet terugkom!!! Nou wat doen ons, looitjies, borge en 'n duiweveiling help om die finansies te laat klop. Glo my, die ouens wat getaak is hiervoor, doen hul bes. Terselfdertyd wil jy altyd jou skou-items opgradeer en die algemene voorkoms van jou skou aantreklik maak. Dit is soos wanneer jy 'n geselligheid by jou huis het, jy hou daarvan dat dinge op hul plek is en

Harry Munnik

Teel met
 Birmingham Roller
 Holle Cropper
 Dutch Highflyer
 Gros Mondain
 Working Homer
 Sel: 072 600 6919
 e-mail: munnikharry5@gmail.com

November 2023



dit netjies is!!!!

Volgende streekskou.

Spandeer ons genoeg tyd hieraan op ons vergadering. Hierdie jaar het ons alle punte, rakende ons streekskou 2024, wat belangrik is op ons agenda aangebring en dit deeglik bespreek, verantwoordelike persoon aangewys en glo my elke pesoon doen sy ding!! Die min lede help definitief dat elke ou sy bes doen, want as hy dit nie doen nie, wie dan anders!! Ons het ook 'n Doendinge-lys wat elke detail van ons skou uit spel, so elke persoon weet wat van hom of haar verwag word. Vir ons werk dit!!!!

Beoordelaars.

Hierdie gaan ons vang in die toekoms!!!!. 'n Streek gaan iewers in die toekoms 'n vol saal duiwe hê, maar daar gaan nie genoeg beoordelaars wees nie, of dalk erger nog nie 'n hoofbeoordelaar nie!!! Is daar 'n oplossing hiervoor???? Hieroor sal daar ernstig besin moet word. Hoeveel hoofbeoordelaars het die jaar hul kapoet gewerk om deur al die duiwe te kom. Ons het dit self beleef, die arme hoofbeoordelaar het hom oor 'n mik gewerk met gewone beoordeling en toe lê daar die raswenners vir die Top 7 nog voor. In baie sulke gevalle kritiseer vertoners nog die arme hoofbeoordelaar na

die tyd!!! Dink weer hieroor!!!

Foto's.

As ek dink aan die verlede, dan gaan daar 'n rilling deur my, ons het gekritiseer, baklei, gestry, hoe kan so 'n duif gewen het. Dit was vinnige selfoonfoto's, in baie gevalle het die fotograaf nie die ras se standaard eers geken nie, sommer net afgeneem. Streke, kry iemand om jou raswenners se foto's te neem, maak iets mooi daarvan, dit dra by tot die sukses van jou skou. En die wat nie die skou kan bywoon nie, wees geduldig met die fotograaf, glo my daar is baie werk voordat jy die video of foto's kan laat GAAN!!!. Elke foto MOET voorsien word van die naam van die ras asook die eienaar, dit vat tyd. Ten laaste, van die duiwe wil net nie "pose" tydens die fotosessie nie, jy kan maak wat jy wil. Iemand het met die On line show se foto-nemery vir my gesê, "Daar was heelwat onkruid in my taal-



tuin!!!!" In gewone taal, ek het lelike woorde ge-uit-er!!

Bestuursverkieing.

Kry dit altyd die nodige aandag!! So baie keer is daar bloot 'n voorstel dat die bestuur net so moet voortgaan!!! Ek glo wanneer dit goed gaan is daar geen fout mee nie, maar besture kan ook uitbrand raak of die inspirasie of passie kan taan. Die president moet nie vir ewig dien nie, want sy idees en entoesiasme raak uitgeput. Nuwe jong bloed moet inkom. Nuwe persone bring nuwe idees, nuwe maniere van dinge doen, tegnologie en vele meer. Ons vergeet so maklik dat die gewone lede ook moet help dink, nuwe idees rondgooi!!! Die

sukses van 'n streek hang nie net af van die president nie, maar van elke lid, die president bring net al die idees en positiewe kragte saam en bestuur dit!!!

Streekskou 2023 is opgedra aan Danie Visser. Danie het op verskeie gebiede presteer. Hy het met Brunners, in verskillende kleure, Modena's in Schietti en Gazzi, hoofsaaklik met asrooi en blou



Erkenning aan lede.

Hoe gee mens erkenning aan lede wat groot bydraes gelewer het tot ons streek. Name wat vir ons ouer groep so bekend is, is dalk nie so bekend aan ons nuwe lede nie!!! Hulle nalatenskap MOET voortleef. Hulle name moet voortleef in ons streek en selfs in die SASV, want hulle het uitblink op verskeie gebiede in ons stokperdjie. Erkenning aan lede sal in die toekoms 'n staande item op ons agenda wees. As daar 'n persoon/persone is wat nie meer lid is nie of nie meer met ons is nie wat 'n besondere bydrae tot ons streek gelewer het, moet so 'n persoon die nodige erkenning ontvang. 2023 se streekskou is opgedra aan een van ons groot geeste in ons streek. Netso het ons op ons onlangse AJV besluit wie ons gaan vereer op ons 2024 streekskou. Hieroor meer met ons streekskou 2024.

en natuurlik sy blou barless Modena's, verskeie kleure vliegduiwe, German Beauty Homers en dan sy Gorguero's. Daar was ook Chinese Uile en Gros Mondains in die verlede. Danie het die aanvoeling vir teling gehad, verskeie raswenners, Top 7 duiwe op streekskoue en SA's, het uit sy hokke gekom.

Verskeie kleure veral in die vliegduiwe is in sy hok geteel. Kleure soos Almond, Qualmond, Lemon, Grizzle, Reduce, Opal, Indigo ens het hy oorgedra na die vliegduiwe. Van die kleure het hy ook na sy German Beauty Homers en Brunners oorgedra. Dit was 'n plesier om Danie se hokke te besoek, om al die kleure te sien en die kwaliteit duiwe in sy hokke, duiwe was in sy bloed. Danie het ook 'n goeie kennis van die administrasie van die duiwestokperdjie tov skoue, grondwet ens gehad. Ek kon net vra en hy het gehelp of voorgevat!!!

Hy het ook erekleure in Teling en Administrasie

ontvang, hierdie erkenning val nie sommer in jou skoot nie!! Rekordhouding was in sy bloed. Sy duif- en skaaprekords was presies en korrek en so netjies!!. Danie kon met gesag oor ons stokperdjie gesels. Daar het dit nie geëindig nie, wye kennis oor skaapboerdery, weidingsbestuur, plantekennis, sport, veral rugby!!. Danie het 'n groot leemte in ons stokperdjie gelaat. mens mis hom by ons skoue!!!

Lede.

Sonder lede kan geen vereniging bestaan nie. 'n Mens moet jou lede koester, belangstel in mekaar,

alle lede wat hul hande, voete, gesindheid, opoffering maak, bydraes gee om 'n sukses van ons Noordkaap skou te maak.

Ons bestuur vir 2024 as volg:

President:	Seppie Esterhuysen
Visie-President:	Dawie vd Heever
Tesourier:	Diedie Esterhuysen
Skousekretaris:	Leendert (Miemie) Snyman
Streeksekretaris:	Gert (Natasja) Smuts
Beoordelaarsbeampte:	Leendert Snyman



ondersteun en hande vat tydens ons een groot geleentheid, ons streekskou!! 'n Groot dankie aan

Skoubeampte:	André Bruwer
Addisionele lid:	Andries Roelofse

Daar lê geweldig baie vreugde daarin om ander gelukkig te maak, te bemoedig en hoop te gee, ten spyte van ons eie situasie

***Kersfees het in die hart van God ontstaan.
Dit word alleen vervul
as dit die hart van die mens ook bereik.***

Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

Rules

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.

Important information

Order from the National Ringmaster:

1. Book of Standards R250 each
2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each
3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each
4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each
5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each
6. Metal Member & Judges scrolls R50 each
7. National pocket badges (Green) R70 each
8. National Honour scrolls (Green) R30 each
9. National Ties (Green) R120 each

All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage

Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
 2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
 3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
 4. Streeknuus verdien 200 punte.
 5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
 6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
 7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
 8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
 9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.
- NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

Score board

Bank OFS Shield

- | | |
|-----------------------|------|
| 1. Western Transvaal: | 2695 |
|-----------------------|------|

Manie Fourie Trophy

- | | |
|------------------------|------|
| 1. North-of-the-Vaal: | 2298 |
| 2. Northern Freestate: | 1512 |
| 3. Northern Cape: | 1250 |
| 4. Eastern Province: | 450 |
| 5. Freestate | 300 |
| 6. Eastern Region: | 300 |
| 7. Western Cape: | 0 |
| 8. SW Districts: | 0 |
| 9. KwaZulu-Natal: | 150 |

Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls bo-aan die kolom. /To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above.

Bertie Wessels Trophy

- | | |
|-----------------------|-----|
| 1. Noord-van-die-Vaal | 0 |
| 2. Vrystaat | 100 |
| 3. Noord Vrystaat | 0 |
| 4. Noord Kaap | 0 |

Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan oor punt 9/ The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9